Helping youth S.H.I.N.E.® since 1958

# Jeug VANDAG

NOVEMBER 2022

'N NUUSBRIEF VIR ONDERSTEUNERS VAN GIRLS & BOYS TOWN




*Tien baie opgewonde meisies! Ons nuwe burgemeester (sittend) en haar nege raadslede by hul onlangse inhuldiging.*

# Emosies loop hoog voor burgemeester se inhuldiging



Dit was 'n lang pad vir die tien dogters wat uiteindelik op 24 September voor hul familie, borge, donateurs en vriende opgestaan het om hul ampseed in die Portuurgroepstelsel se Selfbestuursliggaam af te lê – nege as raadslede en een as burgemeester.

Dit het heelwat harde werk en emosie gekos om seker te maak die jongmense weet wat dit behels om 'n eed af te lê en wat dit beteken om as 'n raadslid te lei. Voor die inhuldigingsdag is die dogters betrek by talle dieptegesprekke onder leiding van die Jeugsorg-personeel, waartydens hulle huidige kampussake bespreek het, asook hoe om enige kwessies wat hul portuurgroep in die komende maande kan opper, moet hanteer.

'n Volle dag se opleiding is ook daaraan gewy om op al die aspekte van die onderskeie portefeuljes wat die dogters uiteindelik sou aanvaar, te fokus voordat die Raad die portefeuljes toeken. Tydens hierdie sessie, gemoniteer deur personeel, het onenigheid tussen die dogters ontstaan – hulle het dit egter wonderbaarlik hanteer en 'n potensieel plofbare situasie ontlont met vaardighede wat hulle geleer het, sonder ingryping van die personeel.

Op die groot dag het die dogters, almal pragtig geklee, een vir een opgestaan en die eed afgelê. Een van ons streeksraadlede, Mnr. Gerrit Scheepers, het met die seremonie gehelp en die ede onderteken, waarna hulle deur Mnr. Pi Pretorius, 'n donateur en Kommissaris van Ede, bevestig is.

Hierdie jong dogters kan as groep net van krag tot krag gaan en groei terwyl hulle hul nuut aanvaarde verantwoordelikhede opneem.

## Wonderwerke gebeur wel

Ons maatskaplike werkers by ons Kagiso/Randfontein Jeugontwikkelingsentrum het onlangs die bykans onmoontlike vermag toe hulle 'n 17-jarige dogter met haar ma, wat sy op 3-jarige ouderdom laas gesien het, kon herenig.

"Sjoe! Ek het gedink ek droom toe hulle my roep om iemand te ontmoet wat sê sy is my biologiese ma," het sy vertel. "Maar dis belangrik om jou familiegeskiedenis te ken, want dit sê waar jy vandaan kom en help dat jy verstaan wie jy is."

Die jong dogter, wat voorheen in haarself gekeer en alleen was en probleme met woede gehad het, is nou 'n gelukkige tiener wat 'n doelgerigtheid en betekenis in die lewe gevind het. Om met haar familie herenig te word, het haar laat voel dat sy iets beteken en ook 'n plek en gesin het om aan te behoort.

## Ons Visie

Die jeug, gesinne en gemeenskappe; Suid-Afrika se krag en toekoms.

## Ons Missie

Skep geleenthede vir die jeug om tot verantwoordelike burgers te groei en te ontwikkel, wat tot die gesins- en gemeenskapslewe kan bydra in die gees van vrede, waardigheid, verdraagsaamheid, gelykheid en solidariteit met ander.

## Voordele van 'n bemaking aan Girls & Boys Town

'n Bemaking in 'n Testament aan Girls & Boys Town, 'n geregistreerde 'Openbare Weldaadsorganisasie' in terme van Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) word afgetrek van die waarde van u boedel, wat onderhewig mag wees aan boedelbelasting. U bemaking aan Girls & Boys Town sal gevolglik totaal vry wees van boedelbelasting en sal die deel van u boedel wat onderhewig is aan Boedelbelasting verminder.

Helping youth S.H.I.N.E.® since 1958

**Nasionale hulplynnr:** 0861 58 58 58
Privaatsak X6, Greenside, 2034 Suid-Afrika
Tel. 011 482 2655 Faks. 011 482 6059 / 0866 131 580
E-pos mailing@gbtown.org.za
Webruimte www.girlsandboystown.org.za
Geregistreer as 'n organisasie sonder winsoogmerk (Wet 71 van 1997)
**Registrasienr. 009-244 NPO**
PBO: 130000379
Geregistreer as 'n welsynsorganisasie (Wet 100 van 1978)



# ’n Nuwe hoofstuk verrys oor geskiedkundige grond

Toe die dag aanbreek dat ons moes afskeid neem van die lieflike ou geboue op ons Tongaat Jeugontwikkelingsentrum, was dit vir ons almal ’n baie emosionele ervaring.

Wat vir soveel dekades hier gestaan en oor ons jongmense gewaak het, is binne ure met die grond gelykgemaak!







*Geboue wat langer as ’n eeu gestaan het, binne ure platgestoot. ’n Groot jammerte, maar onvermydelik.*

Die fondament van hierdie strukture is meer as honderd jaar gelede deur nonne van die Dominikaanse Orde gelê, en sedertdien het dié geboue hul inwoners met trots gedien. Dit was 65 jaar lank ons huis van hoop vir talle jong seuns uit alle kringe van die samelewing.

Die ou geboue het die afgelope jaar strukturele probleme begin ervaar en onveilig geword weens verswakte fondasies.

Ons het ons bes probeer om hierdie geskiedkundige perseel te bewaar, maar het uiteindelik geen ander keuse gehad nie as om dit te sloop weens onherstelbare strukturele agteruitgang. Ondanks die feit dat dit meer as ’n jaar geneem het om magtiging van die erfenis-owerhede te kry, bly dit moeilik om die onvermydelike verlies van hierdie geboue te aanvaar.

Ons is egter daartoe verbind om steeds die geskiedenis en karakter van ons Tongaat Jeugontwikkelingsentrum te behou as helende omgewing waaraan al ons jongmense, donateurs en personeel groot waarde heg.

Dankie aan almal van u wat ons gehelp het om die leeftyd en bruikbaarheid van hierdie ou strukture so lank as wat ons kon, te verleng; en dat u ons “gedeelde” kinders se ontwikkeling en prestasies saam met ons vier.

*Ek wens elkeen van u, ons hoogs gewaardeerde donateurs, ’n veilige, vreugdevolle en geseënde feestyd saam met u geliefdes toe.*

LEE LOYNES
*Hoof Uitvoerende Beampte*







*Wanneer jongmense ander, minder vaardige jongmense en nuwelinge help, raak dit deel van hul eie pad na herstel.*

# Die enorme verskuiwing wat ons Portuurgroepstelsel ontsluit

Wanneer jongmense die eerste keer by Girls and Boys Town SA aankom, is hulle geneig om net op hulself te fokus en te wroeg oor die hartverskeurende redes waarom hulle hier geplaas is – mishandeling, verwaarlosing, verwerping …

As deel van die oriëntering en aanvanklike behandelingsfase by toelating, gee die personeel die jeugdiges eers kans om tuis te raak; maar daarna verhoog hulle hul verwagtings en die intensiteit van terapeutiese ingryping. Dit behels die bewusmaking en leer van die waardes, betekenis en helende effek van vrygewigheid, mededeelsaamheid, sorg en hulp aan ander – om na jouself om te sien en terselfdertyd met ander oor die weg te kom.

Binne die Portuurgroepstelsel van Selfbestuur bevorder ons Jeugraad en burgemeester die sorgsame en inklusiewe gedrag wat die waarde en temas van ***“She/He ain’t heavy, she’s/he’s my sister/brother’*** verteenwoordig. Daardeur ontwikkel die jongmense die vermoë om van selfgeoriënteerdheid te skuif na mededeelsaamheid. Dit lei dan verder tot sorgsaamheid, deernis en hulp aan ander. Wanneer jongmense deur die Portuurgroepstelsel van Selfbestuur beweeg, skep dit vlakke van groter verantwoordelikheid en leierskap. Wanneer jongmense ander, minder vaardige jongmense en nuwelinge help, raak dit deel van hul eie pad na herstel.

# Gesonde verstand as teenvoeter vir woede-uitbarstings

*Al die ouers wat die Slypskool in Ouerskap met Gesonde Verstand bygewoon het, het na afloop daarvan sertifikate ontvang.*



Voor hul by Girls and Boys Town SA aangekom het, was heelparty van ons jongmense geneig tot woede-uitbarstings. Soortgelyke gedrag kom dikwels weer voor sodra hulle huis toe gaan tydens skoolvakansies. Ten einde hul ouers te help om dit te hanteer, het ons teen die einde van September ’n slypskool in Ouerskap met Gesonde Verstand aangebied – met onmiddellike positiewe resultate.

Een van die ma’s het vertel van ’n merkwaardige verbetering in haar dogter se gedrag tydens die September skoolvakansie:

“Sjoe, klein Princess het my die keer só verras, ek wou sommer huil. Sy’s weer die kind wat ek grootgemaak het. Ek is baie trots op haar. Sy was behulpsaam en simpatiek. Ai! Sy het my hart ’n duisend keer gesteel.”

Dankie aan ons opleiers, personeel en donateurs wat ’n wonderlike, helende ommekeer soos hierdie moontlik maak.

## Ondersteun ons nou ook deur MySchool

Jy kan Girls & Boys Town nou ondersteun deur middel van die MySchool-program. Indien jy nog nie ’n MySchool/MyVillage/MyPlanet-kaart het nie, doen gerus aansoek om jou gratis kaart en kies Girls & Boys Town as jou begunstigde. Sodra jy die kaart begin swiep, begin ons fondse ontvang. Elke swiep tel!

**Kry jou kaart deur die kliëntedienssentrum te skakel by 0860 100 445 of e-pos cs@myschool.co.za.**

**Vind meer uit by www.myschool.co.za/schools/.**




## Kom meer te wete oor ons bemakingsprogram.

In reaksie op navrae van vriende en donateurs het ons nou ’n gids oor erflatings op ons webwerf beskikbaar gestel. Die doel is om lesersvriendelike riglyne te verskaf aan enigeen wat daarin belang stel om ’n erflating aan Girls & Boys Town te bemaak.

Deur ’n erflating aan die instansie te bemaak of ’n uitkeer- of versekeringspolis aan ons te sedeer, verseker u dat ons altyd daar is om kwesbare jong dogters en seuns vir nog baie jare te help en te bemagtig om uit te blink ( S.H.I.N.E.®).

Vir meer inligting oor ons bemakingsprogram en/of om ’n eksemplaar van die brosjure te bekom, nader asseblief Gertrude Wilson by Tel. 011 482 2655 of per e-pos by mailing@gbtown.org.za.



# Verkies tot Burgemeester, moeilike kinderjare ten spyt!

*Mandla Ntuli se drie jaar lange reis van niksnuts tot leier*

Mandla Ntuli het in 2019 by Girls and Boys Town SA aangekom as 'n seun met talle uitdagings.

Eers het ons aan sy oriëntering gewerk en gehelp dat hy ons prosedures, program en verwagtinge begryp. Hy het graag gesels, maar sy woordkeuse was dikwels onvanpas, hoofsaaklik omdat hy gewoond was aan straattaal.

Ná oriëntasie het ons Mandla aan ons leerprogramme bekend gestel en hom die nodige vaardighede geleer om die uitdagings



*Mnr. Jeff Pullen, raadslid vir Wyk 58, wens ons nuwe burgemeester van ons Tongaat Jeugontwikkelingsentrum (regs) geluk.*

van sy gedrag en emosies te oorkom. Dit het stadig gegaan, maar hy was bereidwillig – wat vir ons gewys het hy sien kans vir die uitdaging. Binne enkele dae het ons hom gehoor asseblief en dankie sê – 'n baie groot stap, waarvoor hy komplimente gekry het.

Kort voor lank het ons opgelet dat hy leierseienskappe toon wanneer hy take saam met ander verrig. Mandla het die ander aangemoedig om hul werk te doen en hulle het geluister. Hy was bereid om te leer en wou nie foute maak nie – 'n positiewe teken wat hom tydens die Portuurgroepstelsel van Selfbestuur laat vorder het van leerling-inwoner tot proef-inwoner en toe tot inwoner, waarna hy as huisleier verkies is.

Leiers vervul die rol om ander jongmense te help, maar Mandla het reeds hierdie sleuteleienskap begin toon. Gevolglik het selfs die ander leiers hom gekies om die voortou te neem tydens vergaderings. Na 'n aantal terapeutiese intervensies en slypskole in leierskapsontwikkeling het hy sy potensiaal verfyn en werklik begin skitter. Sedert 2019 gaan sy persoonlike en leierskapsontwikkeling van krag tot krag. Eers is hy bevorder tot proef-raadslid – en in 2021 tot raadslid.

Op 14 Augustus 2022 is Mandla as burgemeester gekies. Hy het die ampseed afgelê en dis duidelik dat hy die waardes van broederskap en ondersteuning aan ander, minder vaardige jeugdiges, uitleef. Ons salueer Mandla vir hierdie betekenisvolle groei, asook ons donateurs wat ons hande vat en 'n verskil maak.



## "Voor ek 'n Jeugforum-lid was, het ek nie geweet hoe om my gevoelens uit te druk nie."



*Ons Kagiso/Randfontein Jeugontwikkelingsentrum het in Oktober die pretdag van die Nasionale Vereniging van Kinder-en-Jeugsorgwerk se Gauteng Jeugforum aangebied. Die dag het ten doel gehad om kommunikasie deur middel van spel te leer, jeugdiges deur aktiwiteite te motiveer en om saam te werk asook om leierskapvaardighede te identifiseer, te vestig en te ontwikkel.*

"Sedert ek by die Jeugforum aangesluit het, het ek soveel nuwe geleenthede ontdek," vertel Lebogang. "Voor ek 'n lid was, het ek nie geweet hoe om my gevoelens uit te druk nie. Maar nou doen ek dit deur te teken en te skryf. Dit is 'n positiewe vaardigheid wat ek by die forum geleer het."



*Die swembad by ons Kagiso Jeugontwikkelingsentrum was 'n gewilde kol op ons Jeugforum se pretdag!*

Lebogang en Lungelo is onlangs uit ons Girls and Boys Town South Afrika jeugdiges verkies as komiteelede in die Nasionale Vereniging van Kinder-en-Jeugsorgwerk se Gauteng Jeugforum. Hierdie forum spits hulle toe op die ontwikkeling van jongmense in verskeie kinder-en-jeugsorgsentrums in die provinsie. Hulle vergader elke maand en die lede leer en bespreek hul regte, hoe om daaglikse struikelblokke te oorkom, asook wat 'n gesonde, produktiewe leefstyl behels.

"Ek was altyd skaam en kon nie sake met ander uitpraat nie," sê Lebogang. "Ek het altyd gedink dis nou maar hoe ek is. Vandag besef ek al wat ek nodig gehad het, was iemand wat my die regte vaardighede kon leer. Nou gesels ek land en sand, en deur die forum bespreek ons kwessies wat my en ander raak. Ek het ontdek dat ek 'n passie het om as kampvegter op te tree."

Die vaardighede wat Lebogang en Lungelo verkry het, het 'n positiewe deursyfer-effek op ons jeug as breë gemeenskap. Die twee jongmense het gegroei deur in die komitee te dien - hulle neem ook deel aan die leierskapopleiding vir ons Portuurgroepstelsel-Bestuursraad.







*Die ure wat aan verskeie aktiwiteite bestee word, gaan voortaan met 'n nuwe aanlyn stelsel geregistreer en bestuur word.*

## Ons Presidentstoekennings nou aanlyn

Een van die leierskap ontwikkelings geleenthede waaraan ons jongmense blootgestel word sodra hulle gereed is, is ons suksesvolle Presidentstoekenningsprogram.

Met al groter deelname van al ons Jeugontwikkelingsentrums gaan dié toekennings voortaan aanlyn bestuur word. Deelnemers moet aan 'n verskeidenheid aktiwiteite deelneem – fisieke ontspanning, vaardighede en gemeenskapsdiens – en 'n sekere aantal ure in elkeen aanteken. Sodra hulle hul teiken-ure bereik het, vorder hulle van brons na silwer en van silwer na goud.

By voltooiing van die goud-vlak gaan jongmense na Johannesburg vir hul toekenningsplegtigheid waar hulle die President ontmoet – laasgenoemde sal hul sertifikate onderteken en hul toekennings oorhandig.

Jongmense het soveel toewyding en bereidwilligheid getoon om nuwe take aan te pak, en ons wil volgende jaar meer deelnemers in die program opneem. Die nuwe aanlyn bestuurstelsel sal ons help om elke deelnemer se ure digitaal aan te teken en hul vordering te volg.



*'n Blink trofee, medaljes en nuwe uitrustings vir elke spanlid …*

# Wenners…
## in meer as een opsig!

Nadat ons onder-17 span teen die einde van Oktober hul laaste sokkerwedstryd gewen het, kon hulle die Ligabeker met trots omhoog hou. Dit was 'n groot beloning vir ure van toegewyde oefening en die spanning om elke tweede naweek wen-wedstryde te speel.

Dit is alles positiewe jeugdige pret, maar die persoonlike groei en selfverbetering wat daarmee gepaard gaan, gee aan dié jongmense ook meer blywende wenkanse. Girls and Boys Town Suid-Afrika het nou aangesluit by georganiseerde sokker- en netballigas wat deelname aan ouderdomsgroepe van onder 10 en ouer bied; in dié ligas ding hulle met ander kinder- en jeugsorgorganisasies mee.

Om jongmense aan te moedig tot deelname, hulle deur vaardigheidsontwikkeling en persoonlike groei voor te berei en dan die positiewe resultaat te sien, bly 'n vreugde wat ons op soveel maniere bemoedig …

● Een van die grootste voordele was klaarblyklik die personeelspan se fokus op woedebestuur – woede veroorsaak deur jare se verwerping en mishandeling. Diegene wat dikwels woede getoon het, doen dit nou minder gereeld. ***Om die spelreëls te leer en wedstrydbeamptes se besluite te gehoorsaam, speel 'n groot rol. Aanvaar dit, of jy speel nie saam nie.***

● Girls & Boys Town SA se Portuurgroepstelsel van Selfbestuur tree in werking wanneer spanlede hul eie mikpunte stel en mekaar help om gemotiveerd te bly. In die proses groei interpersoonlike sosiale vaardighede.

● Jeugdiges leer deur sport om hul frustrasies op 'n gepaste manier en tot voordeel van die groep te ontlont. As voorbeeld: Tydens een wedstryd het dit gelyk asof die wedstrydbeampte die ander span met sy besluite bevoordeel. Hul reaksie wat om 'n situasie waaraan hulle niks kon doen nie, te aanvaar en te fokus op die res van die wedstryd en net beter te speel!

Die personeel wat teikenvaardighede aan ons jongmense oordra, het daagliks 'n groot uitwerking op hul vaardigheidsontwikkeling en vermoë om die uitdagings van hul plasing te oorkom. Hulle ondersteun mekaar, en groei deur elke interaksie met ons. Ons glo dat sport dit versnel, aangesien jongmense hulself so openlik uitdruk tydens hierdie aktiwiteite. Die volgende seisoen kan maar kom!

## "Beste Veldwerker"-benoeming vir ons krieketster







'n Opkomende ster by ons Macassar Jeugontwikkelingsentrum, Siphamandla Hlope, is onlangs gekies vir die Hottentots-Holland- Junior Krieket- klubtoer na Johannesburg, wat vroeg in Oktober plaasgevind het. En watter beter manier om die toer af te skop as met sy benoeming as "Beste Veldwerker" in die eerste wedstryd!

Terug by Macassar ná die toer was Sipha die toonbeeld van geluk en dankbaarheid. Benewens die krieket het hy ook allerlei uitstappies saam met die span onderneem waartydens hy die lewe buite sy tuisprovinsie – onder meer by Gold Reef City en Sun City – kon verken.

Sy liefde vir sport en sy toewyding tot persoonlike ontwikkeling het beslis vrugte afgewerp. Maar Sipha is op alle gebiede sosiaal ingestel – in die skool, by ons Jeugontwikkelingsentrum en tuis. Hy is 'n gewilde leier en het hierdie geleentheid om saam met sy krieketmaats te reis, werklik verdien.

Ons is alte bewus van hoeveel waarde dit inhou om geleenthede te skep wat talent help ontwikkel. U vennootskap as donateur het dit vir Girls and Boys Town South Africa moontlik gemaak om die koste van Sipha se kriekettoer te dek. Welgedaan, Sipha!




## Vier dogters se groei by die Rotariërs se Jeugleierskap Toekennings

***"Haai daar! Wie wil 'n intensiewe ervaring meemaak waar jongmense hul leierskapsvaardighede kan slyp te midde van groot pret en nuwe vriendskappe?"***

Dis presies so 'n geleentheid wat vier van ons dogters onlangs te beurt geval het – een wat hulle met al agt hande aangegryp het!

Die Rotariërklub se Jeugleierskap Toekennings ("RYLA") is ontwerp om jongmense te leer om beter leiers te wees. Op pad na hul avonture – twee by Hartebeespoort en twee in Magoebaskloof – was hulle ewe senuagtig as opgewonde. Maar hulle het gou tuisgevoel en verlustig in die beskrekings, buitelugaktiwiteite, bergklim, kampvuurkuiers en speletjies wat selfvertroue en leierskap aanwakker.

Terug by ons ná hul ervarings loop hulle oor van herinneringe en hul kan nie wag om dit wat hulle geleer het, toe te pas nie …

● "Dit het my voorberei om situasies beter te hanteer. Ek het geleer hoe om na 'n situasie te kyk en nie net sommer blindelings te reageer, soos ons jongmense normaalweg doen nie, maar om enige gebeurlikheid deur te dink en te sien wat ek kan leer uit wat gebeur het. Om na alle situasies uit verskillende oogpunte to kyk voor'n oordeel gemaak word."

● "Ek het geleer dat ek na myself moet omsien as ek 'n leier wil wees. Selfsorg is belangrik, dus moet 'n mens seker maak dat jy as individu gebalanseerd is."

● "By Magoebaskloof het ons lieflike, stil oggendmeditasie gehad. Eers was dit vir my moeilik om af te skakel en net op myself en dit wat binne-in my is, te fokus. Maar ek het gou geleer om die wêreld se geraas af te sny en te fokus op my innerlike stem."

Een van ons dogters wat RYLA bygewoon het, is die voorsitter van die Nasionale Vereniging van Kinder-en-Jeugsorgwerk se Jeugforum en kon reeds haar nuutgeslypte leierskapsvaardighede by hul byeenkomste toepas. Nuwe ervaring - nuttig gebruik.



*WAT OOKAL ONS DOGTERS EN SEUNS SE NAME MAAK NIE SAAK NIE ! Al die jongmense in ons nuusbriewe is ware Girls & Boys Town-familie! Ter beskerming van hul privaatheid is dit ons beleid om skuilname te gebruik. Ons hoop u het begrip daarvoor. Dankie.*